Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, June 01, 2023

Page: 31





# Só raak nuwe wetgewing trusts

**In die vorige uitgawe het 'n ander rubriekskrywer die kollig laat val op die verantwoordelikhede van trustees. Dié kwessie word hier verder bespreek, veral in die lig van nuwe wetgewing teen geldwassery en die finansiering van terrorisme.**

In Desember 2022 het die Wysigingswet op Algemene Wette: Teengeldwassery en die Bekamping van Terrorismefinansiering (Wet 22 van 2022) in werking getree. Dié wet het onder meer wysigings aan die Wet op die Beheer van Trustgoed (Wet 57 van 1988) meegebring en omskrywings soos "rekenpligtige instelling" (*accountable institution*) en "uiteindelike geregtigde" (*beneficial owner*) ingevoeg.

Daar word nou sekere vereistes gespesifiseer waaraan trustees moet voldoen, soos:

- Aspekte wat iemand onbevoeg sal maak om as 'n trustee aangestel te word of voort te gaan om as een op te tree.
- Iemand wat buite Suid-Afrika as 'n trustee aangestel is, moet deur die meester van die hooggeregshof gemagtig word om as 'n trustee op te tree.
- Voorsiening vir die verwydering van 'n trustee wat onbevoeg word om voort te gaan om as 'n trustee op te tree.
- Trustees moet spesifieke inligting bygewerk hou oor uiteindelike geregtigdes van trusts.
- Sekere inligting moet aan die meester deurgegee word via die meester se nuwe elektroniese platform wat 'n register hou met inligting oor uiteindelike geregtigdes van trusts.
- Voorsiening word gemaak vir toegang tot inligting rakende uiteindelike geregtigdes.

Hierdie bepalings is op alle bestaande en nuwe trusts van toepassing. Die diskresionêre bevoegdheid van trustees in diskresionêre trusts en die werking van trusts en belastingaangeleenthede word nie deur die wysigings geraak nie. In 'n bewindstrust het die begunstigdes egter gevestigde regte wat in ag geneem moet word.

## Ernstig oor nakoming

Die nie-nakoming van die bepalings van die Wet op die Beheer van Trustgoed (soos gewysig) is strafbaar met 'n boete van tot R10 miljoen of vyf jaar tronkstraf, of albei. Dit gee 'n mens die idee dat die parlement ernstig is oor die nakoming van bogenoemde vereistes.

In die wet word 'n trust nie geag 'n rekenpligtige instelling te wees wat by die FIC-sentrum moet registreer nie.

Die ander nuwe omskrywing in die wet, naamlik uiteindelike geregtigde, word in die wet gedefinieer as die volgende persone of klasse persone:

- 'n Natuurlike persoon wat die trustgoed regstreeks of onregstreeks besit.
- 'n Natuurlike persoon wat doelmatige beheer uitoefen oor die administrasie van die trust.
- Die oprigter van die trust.
- Elke trustee van die trust.
- Elke begunstigde wat by naam genoem word in die trustakte.

Ingevolge art. 11A(1) van die gewysigde wet op die Beheer van Trustgoed, moet trustees:

- Die uiteindelike geregtigdes van die trust vasstel (bepaal) en aanteken.
- Aantekeninge hou van die voorgeskrewe inligting rakende die uiteindelike geregtigdes (begunstigdes). (Sien die artikel "Trusteeskap: Nie so maklik nie", *LBW*, 18 Mei 2023.)
- Die voorgeskrewe inligting oor die uiteindelike geregtigdes op die meester se elektroniese platform aanteken.
- Verseker dat die voorgeskrewe inligting bygewerk bly.

Die meester en trusts, soos alle ander rekenpligtige instellings en rapporteringsinstellings, moet wanneer hulle daartoe versoek word, die inligting van die partye (waaronder uiteindelike geregtigdes) beskikbaar stel aan instellings soos die nasionale vervolgingsgesag, die staatsveiligheidsagentskap, die openbare beskermer en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

## Saak van dringendheid

Die wysigings aan die Wet op die Beheer van Trustgoed en die FICA-wet moet uiters dringend aandag kry deur alle trustees van trusts (inter vivos en mortis causa). Elke trust wat reeds bestaan en toekomstige trusts se trustees moet hierdie riglyne, wette en regulasies navolg.

Dit behels die volgende:

- 'n Trust se trustees moet die wetgewer in elke geval waarsku oor enige transaksie van geldwassery of terrorismefinansiering van die trust, deur dit aan te meld by FIC.
- Die FIC-sentrum vereis dat daar voor einde Mei elke jaar 'n verslag rakende elke trustmaatskappy wat daar geregistreer is, op die FIC-platform voltooi word.
- By die meester moet die vereiste inligting op die elektroniese platform ingevoer en bygewerk gehou word, soos 'n register van alle bates in elke trust en die toedeling aan elke begunstigde en 'n lys met besonderhede van die oprigter, trustees en benoemde begunstigdes.
- Daar moet elke jaar 'n nuwe IT3 (t) uitgereik word. Die ouditeur behoort trustees daarmee te kan help.

Hierdie nuwe vereistes bring ekstra administrasie mee, maar verander niks aan die werking van 'n trust nie. Daar sal instellings soos fidusiêre maatskappye en ander mense wees wat trustees teen 'n koste daarmee kan bystaan. **LBW**

*André Eloff (lid van Fisa) en AJ du Plooy (BJuris, ATC) is boedelbeplanners by Business & Legal Consultants.*

NAVRAE: E-pos: **andre@buslegal.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.